# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



# 2026 | Kroasië: Bootreis 2

10 – 19 Julie 2026

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love*
*but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



## DAG 1: 10 Julie 2026

### Johannesburg

Vandag vertrek ons op die langverwagte reis na idilliese Kroasië!

## DAG 2: 11 Julie 2026

### Dubrovnik - Slano

Vanaf 13:00 kan ons by die Gruž-hawe inboek en aan boord gaan om middagete te geniet terwyl ons skip na Slano vertrek. Die kristalhelder water en prentjiemooi natuurtonele waarvoor hierdie rustige vissersdorpie op die vasteland bekend is, vorm die perfekte agtergrond vir 'n wandeling of fietsrit (vir die meer avontuurlustiges). Ons sluit die dag af met die Mediterreense geure van vars Kroatiese seekosgeregte en 'n glas (of twee) plaaslik vervaardigde wyn.


**Oornag: Slano (Middagete)**

## DAG 3: 12 Julie 2026

### Slano - Mljet

Ons vaar voort na die eiland Mljet wat ook 'n nasionale park is. Besoek die Eiland van St. Maria met sy antieke Benediktynse klooster en kerk of huur 'n kanoe en roei deur die mere van die nasionale park. Diegene met onblusbare energie kan 'n fiets huur en deur die nasionale park ry om die bekende soutmere te besigtig.

**Oornag: Mljet (Ontbyt en middagete)**






## DAG 4: 13 Julie 2026

### Mljet - Makarska

Ons vertrek vroegoggend na die gewilde toeristebestemming Makarska. Die dorp spog met vele restaurante, kroeë en 'n bedrywige promenade met asemrowende uitsigte oor die Adriatiese See. Besoek een van die strande vir 'n middagswem en ontspan in die son voor die hoogtepunt van die dag: aandete saam met die kaptein en verhoogvermaak uit die boonste rakke.

**Oornag: Makarska (Ontbyt, middagete en kapteinsete)**

## DAG 5: 14 Julie 2026

### Makarska - Pučišća / Split

Ná ontbyt vaar ons na die kusdorpie Pučišća aan die noordekant van Brač-eiland wat wêreldwyd bekend is vir sy wit stene waarmee vele indrukwekkende besienswaardighede in Kroasië gebou is. Hierna vaar ons na Split waar jy by een van die vele restaurante op die promenade kan gaan sit om die vars seelug en lewendige atmosfeer in te adem. Split is die tweede grootste stad in Kroasië, en die UNESCO-beskermde paleis van die Romeinse keiser Diocletianus is beslis 'n besoek werd.

**Oornag: Split (Ontbyt en middagete)**

## DAG 6: 15 Julie 2026

### Split- Bol / Hvar

Vandag vaar ons verby Brač-eiland en die skilderagtige dorpie Bol met een van die mees ikoniese strande aan die Adriatiese See. Ons volgende bestemming is Hvar – die langste eiland in die Adriatiese See wat bekend is om sy uitgestrekte laventelvelde. Stap tot by die fort wat oor die hawe uitkyk, en neem foto's met ons luukse skip in die agtergrond.

**Oornag: Hvar (Ontbyt en middagete)**

## DAG 7: 16 Julie 2026

### Hvar - Korčula

Die eiland Korčula wemel van legendes, verhale en monumente wat net wag om ontdek te word. Wandel al langs die visgraatpatroonstrate en stop by een van die vele restaurante vir 'n glasie Grk (witwyn wat slegs op die eiland gemaak word).

**Oornag: Korčula (Ontbyt en middagete)**

## DAG 8: 17 Julie 2026

### Korčula - Dubrovnik

Ons vertrek vanaf Korčula na een van die bekendste stede in Kroasië: Dubrovnik. George Bernard Shaw het na Dubrovnik as die Pêrel van die Adriatiese See verwys, en sodra jy die ommuurde stad betree, verstaan jy waarom hy dit gesê het. Vele films en televisiereekse, onder andere die gewilde Game of Thrones, is al hier verfilm, en wanneer 'n mens deur die doolhof van smal keisteenstraatjies wandel, getuig die goed bewaarde argitektuur van pleine, kerke, paleise en museums van die stad se ryk geskiedenis en kulturele erfenis.

**Oornag: Dubrovnik (Ontbyt en middagete)**

## DAG 9: 18 Julie 2026

### Dubrovnik

Ná ontbyt is dit tyd om afskeid te neem van die bemanning en al jou nuwe vriende! Ons vertrek om 09:00 na ons onderskeie bestemmings.

**(Ontbyt)**

## DAG 10: 19 Julie 2026

### Johannesburg

Terug in Johannesburg neem ons afskeid van nuwe vriende en begin reeds aan ons volgende reis beplan!



# Kroasië: Bootreis 2

10 – 19 Julie 2026

**€2300** Per persoon wat 'n enkelbed-/dubbelbedkajuit deel*
**€3150** Per persoon in 'n enkelkajuit*

## Pakket Sluit In

- 7-nagte-vaart in 'n luukse lugversorgde kajuit met en suite-badkamer
- Bus vervoer tussen Dubrovnik-lughawe en Gruž -hawe en terug (Indien groepsvlugte gebruik word)
- Verwelkomingsonthaal en skemerkelkie
- Daaglikse buffetontbyt
- Driegangmiddagete daagliks (kaas- en slaaitafel ingesluit)
- Water en vars vrugte
- Koffie en tee ná middagete
- Kapteinsete met verhoogvermaak
- Olyfolie- en wynproe aan boord
- Besoekersbelasting en hawefooie
- Bagasiehantering
- Daaglikse kajuitdiens en handdoekomruiling
- Wi-Fi aan boord

## Pakket Sluit Uit

- Retoervlugte tussen Johannesburg en Dubrovnik (ons kan jou help met vlugbesprekings)
- Binnelandse vlugte in Suid-Afrika
- Visum aansoek
- Aandetes (tensy gespesifiseer) en alle drankies
- Persoonlike uitgawes
- Nasionale park fooie
- Van die boot af uitstapppies
- Bemanning- en gidsfooitjies (ongeveer €90 per persoon)

## Dinge Om Te Onthou

- Indien jy 'n Suid-Afrikaanse paspoort het, benodig jy 'n visum vir Kroasië.
- Ons reël 'n Turkse elektroniese visum vir jou (tans) as ons via Istanbul reis.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (m.a.w. 18 Januarie 2027).
- Jou eerste deposito dien ook as bespreking en verseker jou plek op die toer – maak dus seker dat jy dit so gou moontlik betaal.
- Die eerste deposito van R10 000 is nie terugbetaalbaar nie.
- Die volgende deposito van R10 000 is betaalbaar teen 1 Oktober 2025, gevolg deur 'n verdere betaling van R10 000 teen 1 Februarie 2026.
- Die balans is teen 10 April 2026 betaalbaar.
- Die toerprys word bereken volgens 'n wisselkoers van €1:R22 om wisselkoersveranderinge te akkommodeer en betalings aan verskaffer buite Suid Afrika te dek. Indien die rand teenoor die Euro verswak, sal die prys dienooreenkomstig aangepas word. Pryse is gebaseer op EFO (EFT)-betalings.
- Die reisplan is onderhewig aan verandering na gelang van besluite deur die kaptein, sowel as weerstoestande en veiligheid aan boord.

# Kroasië: Bootreis 2

10 - 19 Julie 2026

**€2300** Per persoon wat 'n enkelbed-/dubbelbedkajuit deel*
**€3150** Per persoon in 'n enkelkajuit*

## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die Kroasië-vaart te verseker:

### STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

### STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

### STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: CRO26 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

**€2300** **Per persoon wat 'n enkelbed-/dubbelbedkajuit deel***

**€3150** **Per persoon in 'n enkelkajuit***

***landreëlings alleenlik**



# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:


Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za


## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende   @GerrieOfficial   @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius